

17 Oktober

Skrifgedeelte: Johannes 15:1-8
Fokusgedeelte: NGB, Art 24

Hoekom goeie werke goed is

Jy het vandag by 'n groot waarheid vir jou lewe gekom: Die hele doel van jou bestaan is VRUG DRA! Jy sal altyd 'n swerwer bly, nooit vervulling vind nie, steeds bly tob oor die lewe en altyd wonder hoekom bepaalde goed nou juis met jou moes gebeur, totdat jy hierdie waarheid ontdek en aanvaar: Ek is 'n loot, ek is gemaak om vir God vrug te dra (vers 8). Skryf dit neer en plak dit iewers waar jy dit elke dag kan lees.

Die vrugte wat jy moet dra is Christus se daade, sý vrugte. Dit beteken:

'n Sinvolle lewe is 'n lewe wat Christus in daade sigbaar maak (vers 6).

Pynlike dinge wat met jou gebeur kan snoeiwerk wees. Al word jou vermoë om vrug te dra dalk tydelik ingeperk, uiteindelik sal jy nog meer vrug kan dra (vers 2).

Om vrug te dra moet jy in Christus bly – sý lewe is jou lewe (vers 4). Sonder Hom kan jy niks doen nie (vers 5). Met Hom is alles moontlik (vers 7).

Die vrugte is goed omdat Christus goed is (nie omdat jy goed is nie).

God het vir elke uitverkorene bepaalde goeie werke bestem (Ef 2:10). Hy weet watter werke Hy nog deur jou op aarde wil vertoon. Hy weet hoe om sy Naam in jou lewe te verheerlik. Wat 'n heerlike voorreg dat God jou só wil gebruik!

DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)